

AANSOEK VIR BUITEWERK

Hierdie aansoek sal oorweeg word aan die hand van die bepalings van die Algemene Reglement vir Buitewerk deur Doserende Personeel. Voormalde bepalings sal deel uitmaak van die aansoek en ooreenkoms.

AFDELING A

Naam: _____ UT Nommer: _____

Postitel: _____

Departement / Afdeling / Eenheid: _____

Dui aan by watter beroepsliggaam u geregistreer is (indien van toepassing)

AFDELING B

Geraamde getal uur wat aan buitewerk bestee word:

Ek doen hiermee aansoek om ingevolge die beleidsriglyne buitewerk te verrig. Die aard van die werk, en die perseel waar en tye waarop dit verrig sal word, is soos volg (bied volledige beskrywing):

Weg van die perseel (buite US):

Aard van werk:

Perseel:

Dae / Tye:

'n Aanduiding van die getal uur per week (wat reistyd insluit):

AFDELING C

Gee asseblief 'n volledige beskrywing van akademiese aktiwiteite, veral publikasies die afgelope twee jaar.

AFDELING D

- Ek is vertroud met die inhoud van die beleidsdokument ALGEMENE REGLEMENT VIR BUITEWERK DEUR DOSERENDE PERSONEEL (bylae A), en ek onderneem om aan die bepalings daarvan te voldoen.
- Ek onderneem om my departement/afdeling/eenheid in die verwesenliking van sy kernleweringsoogmerke te ondersteun, wat insluit om oortydverpligtinge na te kom (waar van toepassing) en op die bestemde tye ter beskikking te wees (waar van toepassing). Ek besef dat ek allereers verantwoordelik is om die bedryfsoogmerke van my **departement/afdeling** te help bereik.
- Ek bevestig dat my privaat werk buite die Universiteit Stellenbosch geensins **sal inbreuk maak op my verantwoordelikhede teenoor my departement/afdeling, of 'n negatiewe impak op die verwesenliking van die Universiteit Stellenbosch se prestasiemikpunte sal hê nie**. Ek bevestig voorts dat geen buitewerk in die ure sal plaasvind waartydens ek volgens my dienskontrak/prestasieoorseenkoms my pligte teenoor die Universiteit moet nakom nie. **Ek begryp dat enige en alle sodanige buitewerk deur my uitvoerende hoof/departement/afdeling aanbeveel en ondersteun moet word.**

- Ek aanvaar dat ek nie meer as 20 uur per week aan buitewerk mag bestee nie en dat my uitvoerende hoof/departement/afdeling dié perk verder kan inkort.
- Ek aanvaar dat die toestemming vir buitewerk summier teruggetrek kan word ingeval ek nie die bepalings oor buitewerk nakom nie, welke terugtrekking onmiddellik van krag sal wees.
- Ek aanvaar dat die toestemming vir buitewerk slegs toegestaan word vir sodanige tydperk as wat die komitee oor buitewerk goedkeur, en dat indien die bedryfsvereistes van my departement/afdeling gedurende hierdie tydperk verander, my werkgewer my een maand kennis kan gee om sodanige buitewerk te staak.
- Ek aanvaar dat ek my aansoek om buitewerk betyds moet hernu indien ek met sodanige verpligtinge wil voortgaan.
- Ek aanvaar dat die nienakoming van enige van die voorwaardes, moniterings- of beheermaatreëls oor buitewerk tot dissiplinêre optrede kan lei, en dat die sanksie wat daarvoor opgelê kan word die verbeuring van vergoeding vir sodanige onreëlmatige buitewerk kan insluit. Die gewone beleid en bepalings van die Universiteit sal bly geld, en word geensins deur toestemming of vrystelling vir die verrigting van buitewerk vervang nie.
- Ek onderneem om nie bostaande getal uur vir buitewerk te oorskry of van die bepaalde persele of tye in hierdie aansoek af te wyk nie, en stem in dat die ure wat ek aan buitewerk bestee deur die US geouditeer kan word.
- My werkgewer sal die bevindinge van enige oudit vertroulik hanteer, tensy enige formele aksie aanhangig gemaak word, in welke geval die vertroulikheidsbepalings van die formele dissiplinêre prosedure sal geld.
- Alternatiewe reëlings is getref vir die versorging van my ‘privaat’ pasiënte buite die US gedurende my amptelike diensure by die Universiteit.
- Ek onderneem om, as deel van my algehele prestasie-evaluering, enige beheermaatreëls van toepassing op die buitewerk stelsel na te kom. Ek bly verantwoordbaar teenoor die uitvoerende hoof/departement wat my prestasiebesturusevaluering onderneem, wat toesig oor, en die beheer en monitering van, buitewerk insluit.

HANDTEKENING VAN AANSOEKER**DATUM**

Aanbeveling en opmerkings deur Uitvoerende Departementshoof:

NAAM VAN UITVOERENDE DEPARTEMENTSHOOF

HANDTEKENING

DATUM _____